**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**VLOEK MET FLAIR (EN VOORBEHOUD)**




1 Nie almal hanteer vloek dieselfde nie. Vir sommiges is dit bevrydend. Vir nog ander veroorsaak dit ongemak. Hetsy jou opinie daaroor,dit is so onvermydelik soos sommige mense se gebruik van kragwoorde in die verkeer: Dit ís deel van ons taal.

2 Maar, waar pas dit in? En hoe definieer ‘n mens dit?

3 Die Virtuele Instituut van die Afrikaanse Taal (VivA) bied jaarliks ‘n publieke simposium oor taalkwessies aan. Vanjaar se simposium, getiteld *Vloek met flair (en voorbehoud)*, het die kontroversiële tema van vloekwoorde en hul plek in die Afrikaanse taal ondersoek.

4 Die gesprek is gelei deur professor Gerhard van Huyssteen, taalkundige aan die Noordwes-Universiteit (NWU), stigter van die webwerf vloek.co.za en navorsingsleier van ‘n projek rakende vloekwoorde in Afrikaans. Van Huyssteen groepeer vloekwoorde volgens ses kategorieë: beledig, vervloek, sweer, swets, skel en laster. Volgens Van Huyssteen is konteks egter die deurslaggewende faktor wanneer daar bepaal word wat as vloek beskou word. Volgens van Huyssteen is navorsing oor vloek belangrik omdat dit deel vorm van taal, sowel as van ‘n gemeenskap Om hierdie rede is hy op die verhoog vergesel deur ‘n diverse paneel kundiges wat die onderwerp in verskillende milieus ondersoek het.

5 **Vloek in die media**
Susan Lombaard van Maroela Media het verduidelik dat hulle as voorsorgmaatreël en omrede hul Christelike wortels, ‘n streng anti-beledigingsbeleid op hul platform toepas. Tog erken sy dat persone gereeld ‘n sterk begeerte tot kru taal toon en Maroela Media se interne stelsels probeer omseil deur byvoorbeeld van ‘kreatiewe’ spelling gebruik te maak.

6 **Vloek in die vermaaklikheidsbedryf**
Hannes Brümmer, akteur en komediant, het vloek binne die vermaaklikheidsbedryf ondersoek en is van mening dat dit wel toespaslik is, mits ‘n pertinente doel daardeur bereik word. Vloekwoorde kan byvoorbeeld die geloofwaardigheid van ‘n karakter versterk. Hannes merk verder dat afstand ‘n groot rol speel in die aanstootwaarde van ‘n vloekwoord. “Suid-Afrikaners is meer bekommerd as At Koster op Binnelanders lelik praat, as wanneer dit in ‘n Hollwood-fliek gebeur,” sê hy.

7 **Vloek op die radio**
‘n Legende uit sy eie reg en voormalige uitvoerende regisseur van nuusaktualiteitsprogram by Radio Sonder Grense (RSG), Foeta Krige, het verduidelik dat die SAUK ‘n streng beleid teen kru taal vir omroepers en in eie tekste toepas. Wanneer vloekwoorde egter gedurende ‘n onderhoud of uit derdepartybronne gebruik word, word dit wel soms toegelaat. Volgens hom neem mense gereeld meer aanstoot oor spesifieke

onderwerpe as oor spesifieke woorde. Molestasie is byvoorbeeld nie ‘n vloekwoord nie, maar klagtes hieroor is gereeld by die Suid-Afrikaanse uitsaaikorporasie ingedien.

8 **Kreatiewe vryheid in teater**
Lizané Basson, voormalige projekorganiseerder vir die ATKV-Tienertoneel, het die onderwerp binne skool- en toneelkonteks bespreek. ‘n Fyn lyn bestaan tussen beskerming van die jeug en toelating van kreatiewe vryheid, tog skryf die ATKV nie voor aan tekste nie. Volgens Basson moet teksvryheid juis toegelaat word omdat tieners in ‘n ontwikkelingsfase is. Boonop vloek alle tieners in hul persoonlike kapasiteit. Die feit dat dit ‘n gehoor ongemaklik mag laat voel, is nie noodwendig ter sprake nie. Weereens word konteks en doel hoog geag. Tekste wat deur skoolkinders self geskryf word, bevat volgens Basson oor die algemeen meer kru taal as daardie wat deur volwassenes geskryf word.

9 Romanskrywer en redakteur van *Taalgenoot*, Johan Jack Smith, is nie van mening dat vloekwoorde ‘n weerspieëling van ‘n lae woordeskat is nie. Hy is wel attent daarop dat woorderykheid en verskeidenheid nie totaal deur vloek vervang moet word nie. Sedert die geboorte van sy seuntjie, is hy ook versigtig om vloekwoorde in sy persoonlike lewe te gebruik. Konteks is dus weereens belangrik.

10 Afrikaans is ‘n kleurvolle taal. En, of dit nou deel van jou praat-palet is of nie, vloekwoorde is ‘n faset daarvan. Eerder as kop in die sand steek, is dit daarom goed om daaroor te praat, dit na te vors en, waar van toespassing, te gebruik.

(Aangepas van www.afrikaans.com, 25 November 2019)

**LET WEL:**
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Haal EEN WOORD uit paragraaf 1 aan wat sê dat sommige mense <u>ongelukkig</u> is oor vloek. (1)

1.2 Hoekom, dink jy, gebruik mense vloekwoorde in die verkeer? (par.1) (1)

1.3 Waarvoor staan “VivA”? Skryf jou antwoord voluit. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en LETTER neer.

Hoe gereeld hou VivA ‘n simposium oor taalkwessies, volgens paragraaf 3?

A elke jaar
B elke twee jaar
C twee keer ‘n jaar
D elke vier jaar (1)

1.5 Noem TWEE kategorieë waarvolgens professor van Huyssteen vloekwoorde groepeer. (2)

1.6 Hoekom het Maroela Media ‘n streng anti-beledigingsbeleid? (1)

1.7 Verduidelik in jou EIE WOORDE hoe persone Maroela Media se interne stelsels probeer omseil. (1)

1.8 Wat is Hannes Brümmer se beroep? (1)

1.9 Watter radiostasie word in paragraaf 7 genoem? (1)

1.10.1 Wanneer word vloekwoorde soms op die radio toegelaat? (1)

1.10.2 Stem jy saam dat vloekwoorde op die radio toegelaat (*allowed*) word? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.11 Pas die beskrywing in KOLOM B by die persoon in KOLOM A. Skryf SLEGS die vraagnommer en letter (A-D) langs die nommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Gerhard van Huyssteen | A – Gee aan jeug kreatiewe vryheid. |
| 1.11.2 Foete Krige | B – Doen navorsing oor vloekwoorde. |
| 1.11.3 Lizanné Basson | C – Tree streng op teen vloekwoorde. |
| | D – Dien klagtes in oor vloekwoorde. |

(3x1) (3)

1.12 ” Boonop vloek alle tieners in hul persoonlike kapasiteit.” (par.8)

1.12.1 Is hierdie bostaande aanhaling ‘n FEIT of ‘n MENING? (1)

1.12.2 Verduidelik hoekom jy so sê. (1)

1.13 Volgens Basson, paragraaf 8, watter tekste bevat oor die algemeen meer kru taal? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf NET die vraagnommer en WOORD neer.

Vandat Johan Jack Smith se seuntjie gebore is, vloek hy (meer / minder) in sy persoonlike lewe. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en LETTER neer.


Die idioom “kop in die sand steek” (par.10) beteken om ...

A sand in jou ore te hê.
B oor iets te praat.
C iets weg te steek.
D dit te ignoreer. (1)

1.16 Dink jy dit is aanvaarbaar (*acceptable*) vir tieners om voor hulle ouers te vloek? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




(Verwerk van google.com)

1.17.1 Op wie vloek mense die meeste? (1)

1.17.2 Watter rede by “Die algemeenste vloekwoord gebruike” pas by hierdie statistiek? (1)

1.18 Mense vloek nie gereeld op hulle familielede nie.

Gee ‘n rede uit die teks hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.19 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en woord neer.

Volgens die teks vloek (mans / vrouens) meer. (1)

1.20 Verwys na “Die algemeenste vloekwoord gebruike”.

1.20.1 Wat is die persoon by nommer 2. besig om te doen? (1)

1.20.2 Mense vloek slegs wanneer hulle **slegte** nuus ontvang.

Haal ‘n rede aan waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.20.3 Verduidelik hoekom dit sleg is om tydens ‘n argument te vloek. (1)

1.21 Wat dink jy sal gebeur as jy by die werk op jou baas vloek? (1)

1.22 Hoe help die prente in die grafiese teks jou? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE WENKE VIR ‘N WYER WOORDESKAT, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WENKE VIR ‘N WYER WOORDESKAT**

‘n Mens se aktiewe woordeskat – die woorde wat jy gebruik – en die manier waarop jy kommunikeer, kan die omvang van jou invloed asook jou kans op sukses vergroot of verminder. Hier is maniere om meer woorde te leer en meer suksesvol in die lewe te wees:

Eet ‘n woordeboek. Goed, dis ‘n grappie, maar jy kan gerus maar ‘n woordeboek lees!

Gaan strategies te werk om jou woordeskat te vergroot en jou taalvaardigheid uit te brei. Dit sal nie vanself gebeur nie.

Gesels met ouer mense. Hulle beskik heel waarskynlik oor ‘n enorme aktiewe woordeskat. Leer by hulle.

Kyk na storiereekse en flieks en luister na podsendings. Let op na woorde wat jy nog nie gebruik nie en skryf hulle neer. Gaan slaan hulle na. Wees ‘n waaghals en begin daardie woorde inspan!

Benut die voorreg om te kan lees: die internet, koerante, tydskrifte en boeke. Dis die beste om te begin met onderwerpe waarvan jy hou, en dan is daar ook ‘n groter moontlikheid dat jy sal aanhou lees.

Wees nuuskierig en weetgierig oor woorde. Slaan dié na wat vir jou onbekend is en probeer hulle gebruik. Raai oor die verbuiging van woorde en kyk dan of jy reg is. Speel woordspeletjies.

Wees vol selfvertroue wanneer jy ‘n nuwe woord uittoets. Mense sal jou reghelp as jy foute maak, maar moenie ontmoedig word of geïntimideerd voel nie. Die volgende keer sal jou gebruik van daardie woord in die kol wees!

(Aangepas van www.languagecentre.sun.ac.za, 18 Junie 2021)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**



3.1 "JEUK JOU voete?"

3.1.1 Word die bostaande sin DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik? (1)

3.1.2 Verduidelik jou antwoord in 3.1.1. (1)

3.2 Watter musiek kan jy verwag om by hierdie geleentheid te hoor? (1)

3.3 Noem TWEE dinge wat by jou kaartjie ingesluit word as jy aanlyn jou kaartjies koop. (2)

3.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord (laat). (1)

3.5 Skryf die TYD (18:00) uit in WOORDE. (1)

3.6 Vul 'n WOORD in om die sin KORREK te voltooi.


Die gebruik van die woord "jou" in die advertensie, maak die advertensie meer … . (1)

3.7 Noem TWEE maniere hoe die advertensie jou aandag trek. (2)
**(10)**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies om die sin te voltooi.

Meester sê as hy my weer vang dat (jy / my / ek) krip, (1)

4.2 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord (nek). (1)

4.3 Verbeter die spelfout wat in Neelsie se woorde in RAAMPIE 1 voorkom. (1)

4.4 Hoe weet ons dat daar mense is wat lag in RAAMPIE 1? (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 2.

4.5.1 Hoe kan ons by Neelsie se GESIGSUITDRUKKING sien dat hy geskrik het? (1)

4.5.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die lyntjies langs Neelsie se kop wys dat …

A Meneer hom geklap het.
B hy vinnig omgedraai het.
C hy bang is.
D iets hom gebyt het. (1)

4.6 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê vir Neelsie: "Jy moenie so lelik praat nie!" (2)

4.7 Kyk na RAAMPIE 3.

4.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Meneer se woorde is (eufemisties / ironies). (1)

4.7.2 Verduidelik jou antwoord in 4.7.1. (1)
**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**AFRIKAANS AS MOEDERTAAL MET HEIMWEE, HOOP GEVIER**

Ons (5.1.1) (vier) vanjaar nie net die 25ste herdenking van Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie nie, maar óók die 100ste bestaansjaar van Afrikaans as ʻn amptelike taal. In (5.1.2) (SA) is Afrikaans naas (5.1.3) (12) ander amptelike tale die derde grootste (5.1.4) (moedertaal) in die land.

Ek onthou met deernis die besoeke wat ek as kind saam met my ouma aan die dorpsbiblioteek afgelê het. (5.1.5) (Vakansietyd was gevul <u>met lekkerlees-leesstof</u>.) Die boeke (5.1.6) (wie / wat) ek gelees het, het my weggeneem na ander wêrelde – soos in die geval van enige (5.1.7) (goed) verhaal – en in ʻn kort tydjie het dit kompleet gevoel asof ek ure in die biblioteek deurgebring het.

(5.1.8) (Ek onthou ook nog die braaivleisvuur en stywepap op Saterdagaande) net vóór die rugbywedstryd afgeskop het. Die skerp Afrikaanse beskrywings van die kommentator het die spel tot in die (5.1.9) (fyn) besonderhede beskryf. (5.1.10) (Jy sou die spel voor jou oë kon sien afspeel. Jy het met jou oë toe daarna geluister.)

(5.1.11) (Ek besef die waarde van elke onthou) – (5.1.12) (en ek is dankbaar.) Dankbaar dat daar soveel Afrikaanse boeke op die (5.1.13) (boek+rakke) was in daardie dorpsbiblioteek, dat die rugbykommentator (5.1.14) (blitsbeeld) kon skep in ʻn taal wat ek verstaan, dat daar soveel mooi stories was waarna ek kon luister.

(Verwerk van maroelamedia.com, 21 Februarie 2025)

5.1.1 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in ʻn sin sodat die betekenis duidelik is.

Ons (vier) vanjaar nie net die 25ste herdenking van Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie nie, … (1)

5.1.2 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit.

In (SA) is Afrikaans naas… (1)

5.1.3 Skryf die GETAL tussen hakies uit in WOORDE.

… is Afrikaans naas (12) ander amptelike tale… (1)

5.1.4 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

… die derde grootste (moedertaal) in die land. (1)

5.1.5 Skryf die volgende stelsin oor as ‘n VRAAGSIN. Die onderstreepte gedeelte is die antwoord.

Vakansietyd was gevul <u>met lekkerlees-leesstof</u>. (1)

5.1.6 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Die boeke (wie / wat) ek gelees het, het my weggeneem na ander wêrelde… (1)

5.1.7 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

… soos in die geval van enige (goed) verhaal … (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Ek onthou ook nog die braaivleisvuur en stywepap op Saterdagaande. (1)

5.1.9 Gee die OORTREFFENDE TRAP vir die woord tussen hakies.

Die skerp Afrikaanse beskrywings van die kommentator het die spel tot in die (fyn) besonderhede beskryf. (1)

5.1.10 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy sou die spel voor jou oë kon sien afspeel. Jy het met jou oë toe daarna geluister. **(as)** (1)

5.1.11 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Ek besef die waarde van elke onthou. (1)

5.1.12 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING / NEGATIEF.

En ek is dankbaar. (1)

5.1.13 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.


Dankbaar dat daar soveel Afrikaanse boeke op die (boek+rakke) was in daardie dorpsbiblioteek. (1)

5.1.14 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

… dat die rugbykommentator (blitsbeeld) kon skep in ‘n taal wat ek verstaan … (1)

5.2 Kyk na die beeld hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




5.2.1 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Die twee mans baklei … mekaar. (1)

5.2.2 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Hulle is (kwaad) vir mekaar. (1)

5.2.3 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Niemand doen iets om te (help / hulp) nie. (1)

5.2.4 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Almal neem videos op hulle selfone. (1)

5.2.5 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Die twee mans baklei (hard) (voor die mense met die selfone) (vandag). (1)

5.2.6 Voltooi die sin deur 'n gepaste WERKWOORD in te vul.

Man A … vir Man B in die maag. (1)
**(20)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**